



LANG PAD NA EWIGE LIEFDE

Die WP-kaptein, Deon Fourie, en sy Jean-Marie ken mekaar al van skooldae af en het in 'n ou wynkelder in die Swartland afgehaak

Deur RICHARD VAN RENSBURG
Foto's: LOUISE MEYER

OP DIE rugbyveld is hy gewoonlik stil en bedoord, maar toe Deon Fourie sy bruid oor 'n tapyt van bruin eikeblare na hom aangestap sien kom, staan die emosie oor sy hele gesig geskryf. Byna soos op daardie vreugdevolle dag in 2012 toe hy die WP tot hul eerste Curriebekertitel-sege in meer as 'n dekade aangevoer het.

Die blondkop wat jare gelede saam met hom op die skoolbanke in die destydse Pietersburg gesit het, word op hierdie somermiddag in die Swartland oplaas sy vrou – en selfs vir 'n rateltaai vegter op die rugbyveld is dit 'n oorweldigende gedagte.

“Dit was die mooiste gesig wat ek nog gesien het, maar toe moes ek eers na die dak opkyk terwyl ek teen die trane probeer veg,” sou hy later erken.

Deon (27) en Jean-Marie Jansen van Vuuren (28) trou die eerste Saterdag van die nuwe jaar by die Groenrivier-funksiesentrum in die hart van die skilderagtige Riebeekvallei terwyl die laatmiddagson die landerye en berg in oranjegeel tooi.

Die bruid slaan die asems weg in haar elegante wit skepping van Franse voile, sagte tulle en kant. Toe sy op die maat van Turning Page, die treffer uit die Twilight-klankbaan, aan pa Greg se sy die ou wynkelder binnestap wat in 'n atmosferryke troukapel omskep is, “moes ek baie hard op my lip byt toe ek sien Deon is na aan trane”, sou sy later vertel.

Dr. Pieter Barnard, 'n Paarlse predikant wat op sy dag kolfrekords in eersterangse krieket laat spat het, bring darem gou kalmte met sy inspirerende boodskap: Hul liefde moet soos stewige pilare wees, sê hy. Hulle moet mekaar met oorgawe liefhê, maar mekaar ook die ruimte gun om te wees wie hulle is, nes die pilare van 'n sterk gebou nie teen mekaar nie, maar langs mekaar staan.

HULLE het mekaar die eerste keer in gr. 7 gesien by 'n skoolsokkie in die destydse Pietersburg, nou Polokwane, maar eers regtig begin gesels toe sy agter hom in hul gr. 10-registerklas by die Hoërskool Pietersburg gesit het. Die jaar daarna was Jean-Marie en

Deon, die hoofseun op laerskool en die kaptein van die eerste rugbyspan op hoërskool, vir 'n rukkie gekys, maar hulle het spoedig uitgemaak.

Hulle het vriende gebly en was saam matricafskied toe. “Eintlik het ek altyd geweet sy is die een,” reken Deon.

Eers in hul studentedae op Stellenbosch het hul liefde geblom. Hy onthou nog goed hy het haar in Junie 2008 met vakansie op Mosselbaai gevra om vas uit te gaan.

En op 21 Mei verlede jaar maak hy toe sy volgende groot skuif.

“Ek het op die vloer gesit en eksamen-vraestelle merk,” onthou Jean-Marie, 'n wiskundeonderwyseres. “Hy was half onrustig, dan draai hy hier om my, dan is hy op die bank, en ek wou net my werk klaarkry.”

Toe sy oplaas weer opkyk, kniel hy met die ring langs haar en vra: “Sal jy my die eer aandoen om my vrou te wees?”

Haar eerste reaksie?

“Nee, man, wat doen jy, jy *joke* met my!”

Sy was trouens so oorweldig dat hy naderhand gesê het: “Hoor hier, jy moet my nou asseblief 'n antwoord gee.”